

Beskerming van ons kinders beteken verandering in benadering tot dienslewing

Tasneemah Cornelissen-Nordien*

Terwyl ons Nasionale Kinderbeskermingsweek van 29 Mei tot 5 Junie herdenk, moet ons bewustheid skep oor die volgehoue kwesbaarheid van Suid-Afrika se kinders namate voorvalle van kindermishandeling teen 'n kommerwekkende tempo toeneem. Hoofopskrifte in die media beklemtoon voortdurend die afgrysligheid van kinders wat mishandel word. Dít gebeur ondanks progressiewe beleide en wetgewing wat die beskerming van kinders ten doel het.

So waarom misluk ons klaaglik?

Die antwoord lê moontlik in 'n oorbeklemtoning in die hantering van mishandeling nadat dit plaasgevind het, met die klem op remediërende dienste, eerder as op voorkoming. Diensverskaffers soos maatskaplike werkers wys dikwels daarop dat gevalleladings te hoog is en dat hulle nie aan al hul gevalle kan aandag skenk nie weens 'n gebrek aan menslike en ekonomiese hulpbronne. Hoewel ons regering die tekort aan maatskaplike werkers erken, word hierdie werkers steeds daarvoor geblameer dat hulle in hul pligte faal, veral dié wat met kinderbeskerming verband hou.

Die gebrek aan hulpbronne in maatskaplike welsyn in ag genome, blyk dit duidelik dat 'n fokusverandering nodig is in hoe maatskaplike ewels soos kindermishandeling aangespreek word. Ons kan nie verwag dat welsynsagentskappe wat maatskaplike dienste bied, al die antwoorde moet hê oor hoe om die sosiale ewels aan te spreek nie. Ons het 'n ander benadering vir groter impak nodig. Dit mag vereis dat ons 'n paar treë terug neem.

Ten slotte ...

Ons het fundamentele veranderings en baie voorkomende projekte nodig wat eerder volwassenes as kinders teiken om ons kinders behoorlik teen die skreiende onregte waaraan hulle blootgestel word, te beskerm. 'n Goeie beginpunt sal elke liewe huis wees waar mense ongemaklike gesprekke moet hê oor waar ons in ons denke oor dissipline staan en wat elke volwassene se verantwoordelikheid is om kinders te beskerm. Indien ons dít kan doen, sal ons as 'n samelewing 'n treetjie nader daaraan wees om ons kinders se lewens net 'n bietjie draagliker te maak.

- Klik [hier](#) om die res van die artikel soos geplaas te lees.

***Dr Tasneemah Cornelissen-Nordien is 'n dosent in die Departement Maatskaplike Werk aan die Universiteit Stellenbosch.**